**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saaknommer: 2284/2002

In die saak tussen:

**FRANS SEBASTIAN VERMAAS** Applikant

en

**LYNETTE VERMAAS** Eerste Respondent

**BALJU, WELKOM** Tweede Respondent

**CORAM:HATTINGH, R**

**AANGEHOOR OP:26 SEPTEMBER 2002**

**UITSPRAAK DEUR:HATTINGH, R**

**GELEWER OP:26 SEPTEMBER 2002**

**EX TEMPORE**

**Die Agtergrond:**

1. Applikant is op 25 April 2002 gelas om *pendente lite* onderhoud aan eerste respondent en die twee minderjarige kinders te betaal.

2. Op 7 Mei 2002 het applikant die hofbevel nagekom, en ‘n bedrag van R11 000,00 aan die eerste respondent (hierna die respondent genoem) betaal.

3. Op 7 Junie 2002 het applikant slegs ‘n bedrag van R4 220,00 onderhoud aan respondent betaal omdat:

"Respondent ..... egter versuim om in alle opsigte ‘n redelike en billike bydrae ten opsigte van Mei 2002 tot die gemeenskaplike huishouding te maak ...."

en dat applikant

"geregtig was om die uitgawes wat hy ten behoewe van eerste respondent en die twee seuns aangegaan het teenoor haar onderhoudbetaling in verrekening te bring."

Respondent bevestig dat applikant ‘n bedrag van R4 220,00 aan haar oorbetaal het en beweer dat sy die onderhoud vir Meimaand 2002 onder andere aangewend het vir huishouding, die huishulp, die tuinier, kruideniersware, asook klerasie.

4. Na aanleiding van voormelde feite het respondent ‘n lasbrief vir uitwinning vir die restant onderhoud vir Juniemaand uitgereik, en doen applikant nou aansoek vir ‘n finale bevel dat die lasbrief opgeskort word.

**<u>Die Regsposisie</u>**

1. In die algemeen kan ‘n lasbrief vir eksekusie op aansoek tersyde gestel word:

(a) wanneer die skuld wat die vonnis ten grondslag lê aangeveg word op die basis dat daar ‘n hangende aksie of aansoek is vir die tersydestelling of vermindering daarvan;

(b) wanneer daar onsekerheid bestaan oor die aard en strekking van die vonnis;

(c) wanneer die lasbrief nie in ooreenstemming met die vonnis is nie;

(d) wanneer die vonnisskuld se afdwingbaarheid afhanklik is van die beslissing van ‘n verdere regsvraag;

(e) wanneer die *causa* vir die uitwinningslasbrief nie meer bestaan nie. Voorbeelde hiervan is waar die vonnis uitgewis is deur betaling, *compensatio, novatio, delegatio* of *cessie*

(**LE ROUX v YSKOR LANDGOED (EDMS) BPK EN ANDERE 1984 (42) SA 252 (T) te 257B**).

2. Soos enige ander hofbevel moet ‘n onderhoudbevel noulettend uitgevoer word en is dit finaal en afdwingbaar totdat dit gewysig of tersyde gestel is. (**STRIME v STRIME 1983 (4) SA 850 (K) op 852B).**

3. ‘n Onderhoudbehoeftige is geregtig om ‘n lasbrief tot uitwinning uit te reik ten einde agterstallige onderhoud te vorder en rus die bewyslas op die onderhoudspligtige om omstandighede aan te toon vir die opskorting daarvan.

4. Applikant fundeer sy aanspraak vir die tersydestelling van die lasbrief op die bewering dat hy geregtig was om die uitgawes wat hy ten behoewe van eerste respondent en die twee seuns aangegaan het teenoor haar onderhoudsbetaling in verrekening te bring.

5. Mnr. Daffue, namens applikant, het betoog dat skuldvergelyking teen die verpligting om onderhoud aan respondent te betaal ‘n geldige verweer daarstel. Dit synde die geval te wees, betoog die advokaat, moet die uitwinningslasbrief tersyde gestel word.

6. Die skuldverpligting om onderhoud te betaal is al beskryf as "'n skuld *sui generis*" en ook as 'n "spesiale tipe van verpligting". (**A F PHILIP AND CO (Pvt) LTD AND OTHERS v ADIE NO AND OTHERS 1970 (4) SA 251 (R) 257G**; **TRENGONING v TRENGONING 1914 WLD 95 op 96** en **R v BLUNDELL 1943 TPD 146 op 150**).

7. Die verpligting om 'n sekere bedrag onderhoud te betaal word nie verminder, of aan voldoen, vanweë die toepassing van skuldvergelyking deur die onderhoudspligtige nie. Ook kan die ooreenstemmende reg om onderhoud te ontvang nie gesedeer of andersins vervreem word nie. Net so min kan dit geassigneer word of gedelegeer word. Die rede daarvoor sê Didcott, R:

"The reason is that, like the right, it has a character distinctly personal to the individual to whom it attaches, one that tells too against its transmission to the estate of anybody who dies bearing it."

(**HODGES v COUBROUGH NO 1991 (3) SA 58 (D &CLD) 65** en die gesag daarin aangehaal).

8. Toe applikant eensydiglik besluit het om skuldvergelyking teen respondent se onderhoudsvordering toe te pas het hy in minagting van die hofbevel verkeer. Sy enigste remedie was om sy minagting te reinig deur die hofbevel te eerbiedig en dan eers afsonderlik verrigtinge teen respondent in te stel vir die vermindering van die onderhoudsbedrag of vir die terugbetaling van sodanige bedrae as wat hy kan aantoon, respondent onregverdiglik mee verryk was.

9. In **R v GLASSER 1944 EDL 227** sê Pittman, RP op **233**:

"Appellant appears to have mistaken his remedy; if he thinks that as between his wife and himself he has paid more than his share towards the maintenance of their child, it is on the authority of the case referred to by my brother, ***Carstens v De Meillon*** 1940 CPD 383, open to him to approach the Court for a re-adjustment of their position *inter se*;"

10. Ek vereenselwig my ook met die *dictum* in **KANIS v KANIS 1974 (2) SA 606 (R.,AD) 609D** waar verklaar word:

"... the appellant was clearly not entitled to withhold the amounts which he did withhold, and then claim to set-off against arrears of maintenance the amounts he had himself paid as described above. .... It would be contrary to public policy and harmful to the interests of justice to allow the appellant's claim of set-off to prevail."

11. Vir bostaande redes kan die bevel *nisi* nie bekragtig word nie.

**Die bevel**:

1. Die bevel *nisi* gedateer 27 Junie 2002 word met koste opgehef.

2. Die verrigtinge op 12 September 2002 dra geen kostebevel nie.

**G.A. HATTINGH, R**